

# Maandag 23 Augustus

Skrifgedeelte: Job 31 (1983-  
vertaling)

Fokusgedeelte: Job 31

## 'n Plegtige verbintenis tot vroomheid

Job sluit sy saak af met 'n verklaring van sy verbintenis tot vroomheid. Van die nostalgie van die verlede waarin hy die vreugde gesmaak het as God se vertroueling, regdeur die pyn van die gevoel dat God hom verlaat het, gaan staan hy steeds vas in sy oortuiging om die Here te bly dien, al bars die bom.

Al verstaan Job God nie, vertrou hy Hom as die Regverdige en Alwetende! Net soos Job kan jy ook tydens die “waaroms van die lewe” op die Here vertrou. Al verstaan ons nie alles wat met ons gebeur nie, kan ons seker wees dat dit tot ons voordeel is – die geskiedenis van Job leer ons dit.

Wat bly dan vir ons oor? 'n Lewe waarin ons God eer as die Koning van ons lewens! 'n Lewe waarin ons ons opnuut verbind om vroom en opreg te lewe om vir God dankie te sê dat ons vas op Hom kan vertrou.

*Sing: Psalm 146-1:3, 6*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*